# Fiela se kind – Die Drama

*(Leerlinge moet karakters op bladsy 30-35 deeglik bestudeer voordat hulle die vrae op bladsy 5 beantwoord)*

Fiela se Kind vertel die storie van 'n wit seun wat deur 'n bruin familie grootgemaak word.

'God vergewe ons baie, maar God vergewe ons nie die kwaad wat ons 'n kind aandoen nie.'

Aan die een kant van die berg, in die Lange Kloof, woon Fiela Komoetie, verknog aan haar hanskind – deur die Here aan haar 'toebetrou' een nag toe sy hom as driejarige gekry het waar hy voor haar deur staan en huil, 'n weggooilam. Aan die ander kant van die berg, in die Bos, woon die houtkapper Elias van Rooyen en sy vrou Barta, wie se driejarige kind weggeraak het.

Die een kind is Benjamin Komoetie, die ander Lukas van Rooyen. Is dit dieselfde mens? Kon 'n klein kind so ver geloop het, uit die Bos tot in die Lange Kloof? Dié vraag word nege jaar later oopgekrap deur twee sensusmanne wat deur die Lange Kloof reis en die wit kind met die blou oë tussen die bruinmense kry.

En jare later is dit die vraag wat Benjamin/Lukas self vra: Wie is ek? Hy móét weet, anders kan die vrou wat hy liefgekry het nooit syne wees nie. Die antwoord is daar, weet hy: iewers in homself, diep verskuil in die verlede, bly dit hom ontwyk.[1]

**Fiela se kind Die drama (KARAKTERS)**



**Fiela Komoeti** , 'n kleurling vrou in Suid-Afrika (Knysna) vind 'n wit baba by haar huis se deur en maak hom groot as haar eie. Nege jaar later, word hy gevind en word toe weggeneem van haar. Sy is die standvastige matriarg en stabiele karakter in die gedin.Fiela is 'n moeder wat haar gesin met liefde, geduld en harde werk en geloof in God aan mekaar bind.

**Fiela Komoeti**, a coloured woman in South Africa (Knysna) finds a white baby on her doorstep and raises him as her own. Nine years later,he is discovered and taken away.She is the matriarch firm and stable character in the family. Fiela is a mother who binds her family together

with love, patience and hard work and faith in God.



### Barta van Rooyen

Sy staan in kontras met Fiela. ‘n Tragiese figuur . Haar man Elias van Rooyen, mishandel haar. Sy kan nie standpunt inneem nie en praat min.Sy is ‘n swak passiewe karakter. Sy laat haar deur haar man laat voorsê en in die hof erken sy dat Lukas haar wettige kind is. Die leuen pla haar sodat sy mettertyd agteruitgaan.

She is in contrast with Fiela. A tragic figure. Her husband Elias van Rooyen abused her.She is unabletake a stand and doesn’t speak a lot .She is a weak passive character. She let herself being dictated by her husband and admitted in court she found Lukas is her legitimate child. The lie bothered her so that she deteriorated over time.



### Nina van Rooyen

Sy is ‘n buitestander. Sy is ‘n boeiende karakter wat geleidelik van ‘n boskind tot ‘n vrou ontwikkel. Haar pa, Elias hanteer haar met geweld. Hy dwing haar om soos die seuns in die bos te werk. Sy is nie bang vir haar pa nie. Sy help Lukas om die bos te ken.

She is an outsider. She was a fascinating character who gradually developed from a *bush child* into a woman. Her father, Elias treats her with violence. He forced her to work like the boys in the forest. She is not afraid of her father. She helped Lukas to know the forest.



**Elias van Rooyen**

Hy is 'n swakkeling en probeer mense met geweld manipuleer. In teenstelling met Fiela wat alles vir haar kinders doen, sien Elias sy kinders as 'n ekstra hand om te help geld inbring. Hy is agterbaks, onbeskaafd en sonder selfrespek en trots. Hy het nie respek vir sy vrou nie en mishandel haar en die kinders. Sy woedebuie en selfsug dryf Nina en Lukas van die huis af weg.

He is weak and tries manipulating, people by force. Unlike Fiela who does everything for her children, Elias sees his children as an extra hand to help gaining money. He is deceitful, uncivilized and without self-respect and pride. He does not respect his wife and abuses her and the children. His temper tantrums and selfishness drives Nina and Lukas away from home.






**Benjamin ( Komoeti)/ Lukas(van Rooyen)**

Benjamin verteenwoordig die mensdom wat uitgelewer is aan 'n klomp onverstaanbare omstandighede. Hy is die hoofkarakter – die persoon tussen twee wêrelde wat nie weet waarvandaan hy kom nie. Die naam *Benjamin* herhinner sterk aan die Bybel, waar Benjamin die jongste seun van Jakob was. Sy moeder Ragel is dood met sy geboorte.As wit drie – jarige word hy deur bruin mense aangeneem en op twaalfjarige ouderdom word hy deur die amptenare weggeneem van sy liefdevolle "moeder" Fiela. Sy nuwe gesin was die van Rooyens.

Benjamin represents humanity at the mercy of a lot of inexplicable circumstances. He is the main character - the person between two worlds that does not know where he comes from. The name *Benjamin* reminds strongly to the Bible, where Benjamin was the youngest son of Jacob.

His mother Rachel died during his birth. As white three-year old, he was adopted by coloured people and as twelve year- old taken away by the officials from his loving coloured "mother" Fiela. His new family is the van Rooyens.



**Sensusopnemers en magistraat**

Hulle werk is om die mense te tel. Hulle werk is belangrik, nie die mens nie. Dis deur hulle wat Benjamin weggeneem word by sy kleurling moeder , Fiela. Die wet is belangriker as die mens.

Their job is to count the people. Their work is important, not the human being. It's through them that Benjamin was taken away from his coloured mother, Fiela. The law is more important than the human being

.

**Selling Komoeti**

Hy is afhanklik van Fiela. Fiela bestuur die volstruisboerdery en hou die gesin bymekaar, terwyl Selling as karakter in die agtergrond is. Fiela steun wel op Selling se insig en wysheid omdat sy hom raad vra. Selling leer vir Lukas roei.

He depends on Fiela. Fiela manages the ostrich farm and keeps the family together, while Selling appears as background character. Fiela endorses on Selling's insight and wisdom as she asks him advice. Selling teaches Lukas paddling.

**Vrae:**

1. By watter gesin het Benjamin eerste gewoon? (1)

2. Hoe oud was Benjamin toe hy die eerste keer gevind is. (1)

3. Kyk na die volgende woorde in die raampie. Ressorteer dit in die regte kolom onder die korrekte gesin.

| liefde , mishandeling , leunaars, eerlik, Lukas, Benjamin |
|---|

| **Van Rooyens** | **Komoetis** |
|---|---|
| | |
| | |
| | |

(6)

4. Hoe verskil Fiela se karakter van Barta van Rooyen? (2)

5. Hoe tree Elias teenoor sy vrou op? (1)

6. Wat moes Nina soms doen wat ‘n meisie gewoonlik nie doen nie? (1)

7. Waarom dink jy was die sensusopnemers ongevoelig? (1)

8. Watter tipe boerdery het Fiela bedryf? (1)

9. Op watter manier het Selling Fiela ondersteun? (1)

**[15]**

**ANTWOORDE**

1. By die Komoeti –gesin (1)
2. Drie jaar (1)
3.

| Van Rooyens | Komoetis |
|---|---|
| mishandeling | liefde |
| leunaars | eerlik |
| Lukas | Benjamin |

(6)

4. Barta – Tragiese figuur wat nie kan standpunt inneem nie.
   Fiela – Sterk figuur wat baklei vir haar regte (2)
   - Enige iets soortgelyks wat verskille van karakters uitwys.
5. Hy mishandel haar/ Toon geen respek vir haar (Enige iets soortgelyks) (1)
6. Sy moes in die bos werk soos 'n seun./ balke saag. (1)
7. Hulle werk is belangrik, nie die mens nie.OF Deur hulle is Benjamin weggeneem van 'n liefdevolle, stabiele huis. (Enige iets soortgelyks) (1)
8. Volstruisboerdery (1)
9. Hy gee vir Fiela raad. (1)

**[15]**